**11 April 2006** **Skrifgedeelte: Matteus 27:27-31; Jesaja 53:6-12**

## As hulle maar geweet het ...

As die soldate maar geweet het ... Vir hulle was Jesus maar net nog ’n misdadiger wat ter dood veroordeel is. Sadisties vermaak hulle hulle deur Jesus spottend te huldig as die aspirant-koning van die Jode. Binnekort sal hierdie soldate Hom weglei om gekruisig te word. Maar Hy ly juis as Koning om oor ’n klein rukkie sy hemeltroon te bestyg as die almagtige Koning van hemel en aarde (Jes 53:6-12; Fil 2:6-11). Eendag, aan die einde van die eeue sal Hy terugkom, nie as die veroordeelde nie, maar as dié Regter. Dan sal niemand Hom meer bespot nie! Elke oog sal Hom sien, ook hierdie soldate. Hulle sal in selfverwyt weeklaag (Op 1:7).

Ondersoek jouself of jy die Here met jou mond “eer”, maar met ’n hart wat ver van die Here af is. Dit is net so godslasterlik en lewensgevaarlik (Matt 7:21-23, Heb 10:26-31). Gelukkig is jy as jy ook met die hart glo (Rom 10:9, 10).

*Sing: Psalm 68:9* *Ds. APC Duvenage (Emeritus)*